MEMO

# TOM NEWBY SCHOOL EXAMINATION

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Subject** | **Afrikaans additionele Taal** | **Examiner** | **Mr. J Ellis** |
| **Date** | **10 November 2016** | **Total marks** | **45** |
| **Session** | **1** | **Duration** | **2 ure** |
| **Grade** | **5** | **Moderator** | **Mrs. W Pienaar** |
| **Special instructions/ Equipment** | | | |

**This Exam has been compiled using notes and information contained in the Tom Newby School book. The marking memorandum has been compiled accordingly. While alternative responses will be given due acknowledgement, the official memorandum will be considered a priority document to ensure uniformity of marking. Time allocation on this examination includes provision for concession.**

---


## Memorandum

---

### Instruksies

- **Lees jou vrae goed deur.**
- **Gebruik die woordelys op die laaste bladsy om jou te help.**
- **Moenie enige oop spasies los nie.**
- **Gebruik jou tyd goed.**
- **Skryf netjies en leesbaar.**
- **Indien jy klaar is gaan weer deur jou vraestel.**

**Sterkte!**



**Afdeling A: Leesbegrip** **[30]**

**Vraag 1: Beantwoord die volgende vrae oor die nuusberig.**

1.1 Pas kolom A by kolom B. (7)

| | |
|---|---|
| 1.1.1 Die naam van die berig. | A) Oom Olifant |
| 1.1.2 Die naam van die koerant. | B) 30 November 2016 |
| 1.1.3 Die joernalis. | C) Een |
| 1.1.4 Die datum wanneer die berig gepubliseer is. | D) Renosterstroping |
| 1.1.5 Verdagtes in Diereland inhegtenis geneem. | E) 2016 |
| 1.1.6 Verdagtes in Renosterland inhegtenis geneem. | F) Wildnuus |
| 1.1.7 Watter jaar is 57 renosterstropings in Diereland aangeteken. | G) 11 |

Skryf die regte letter langs die nommer.

1.1.1 D
1.1.2 F
1.1.3 A
1.1.4 B
1.1.5 G
1.1.6 C
1.1.7 E

1.2 Volgens die inleidingsparagraaf.

1.2.1 Wat is doodgemaak? 'n Renoster (1)
1.2.2 Wanneer is die dier doodgemaak? Verlede week (1)
1.2.3 Waar is die dier doodgemaak? Diereland (1)

1.3 Is die volgende stellings waar of onwaar?

1.3.1 Renosterstroping styg met 60% in Diereland van November 2015 tot November 2016.
Onwaar (1)

1.3.2 Daar is baie renosters in Diereland, hulle sal nie uitsterf nie.
Onwaar (1)

1.4 Haal een woord uit die leesstuk wat dieselfde beteken as:

1.4.1 As alle diere van een spesie dood is. Uitsterf (1)

1.4.2 Onwettig doodgemaak. Stropings (1)

1.5 Vul die ontbrekende woorde in. (2)

1.5.1 Daar word een renoster elke 12 uur doodgemaak in 2016.

1.5.2 Daar is 42 renosterstropings in Renosterland aangeteken.

1.6 Gee vier redes, volgens Meneer Uil, waarom daar so baie renosterstropings in Renosterland was?

Oorstromings

Te veel bos

'n Volmaantydperk van twee weke

Aggresiewe invalle vanaf Jagluiperdland (4)

1.7 Watter ander lande, behalwe Renosterland, is deur stroping getref?

Bobbejaanland

Springbokland

Buffelland (3)

1.8 Hoekom is renosterstroping 'n ernstige saak volgens Koning Leeu?

As al die renosters in Diereland uitsterf gaan die diere kinders nie die groot diere met hulle twee horings op hulle neus ken nie. (1)

1.9 Wat dink jy doen die stropers met die renosterhorings?

Verkoop die horings (2)

1.10 Noem 'n ander dier wat ook bedreig word deur stropers. Waarvoor word hulle gestroop?

Olifante

Vir hulle tande / ivoor (2)

1.11 Wat sou jy doen om renosterstroping te stop in Diereland?

Leerder se eie geldige antwoord (2)

**Afdeling B: Taalleer** **[15]**

**Vraag 1:** Voltooi die tabel. Die eerste woord is gedoen as voorbeeld. (2)

| **Enkelvoud** | **Meervoud** | **Verkleining** |
|---|---|---|
| Renoster | Renosters | Renostertjie |
| Stert | Sterte | **Stertjie** |
| Horing | **Horinkie** | **Horings** |
| Oog | **oë** | Ogie |

**Vraag 2:** Voltooi die sinne deur die **trappe van vergelyking** in te vul.

2.1 Daar is **baie** renosters in Buffelland. Springbokland het **meer** as Buffelland, maar Bobbejaanland het die **meeste** renosters. (1)

2.2 'n Leeu is **groot**. 'n Buffel is **groter** as 'n leeu, maar 'n renoster is die **grootste**. (1)

**Vraag 3:** Skryf die volgende diere in **alfabetiese volgorde**. (2)

| **Renoster, Bobbejaan, Springbok, Buffel** |
|---|

**Bobbejaan**
**Buffel**
**Renoster**
**Springbok**

**Vraag 4:** Onderstreep die **stam / basisvorm** in die volgende woord. ($\frac{1}{2}$)

Ont**horing**

**Vraag 5:** Bind die volgende woorde saam sodat dit een woord maak. **Samestellings.**

Renoster + Bewaring = **Renosterbewaring** ($\frac{1}{2}$)

**Vraag 6:** Verdeel die volgende woorde in **lettergrepe**.

**Ag – gre – sie – we** $(\frac{1}{2})$

**Vraag 7:** Onderstreep die regte **lidwoord** tussen hakies. (1)

7.1 ('n / **Die**) diere wil nie dat renosters uitsterf nie.
7.2 (**'n** / Die) renosterstroper is inhegtenis geneem in Diereland.

**Vraag 8:** Verbind die volgende sin deur die **voegwoord** in hakies te gebruik.

Die situasie is ongelooflik ernstig. Renosters is baie skaars. (want)
Die situasie is ongelooflik ernstig**, want** renosters is baie skaars. (1)

**Vraag 9:** Skryf die volgende sin in **ontkennende vorm**.

Renosters kan teen stropers bewaar word.
Renosters kan **nie** teen stropers bewaar word **nie.** $(\frac{1}{2})$

**Vraag 10:** Skryf die volgende sinne en vul die korrekte **leestekens en skryftekens** in.

10.1 Waarom sal mense renosters wil doodmaak
Waarom sal mense renosters wil doodmaak**?** $(\frac{1}{2})$

10.2 Meneer Uil sê Die meeste van die stropings is in Renosterland aangeteken.
Meneer Uil sê**: "**Die meeste van die stropings is in Renosterland aangeteken.**"** (1)

10.2 Eina Die renosterhoring maak my seer.
Eina**!** Die renosterhoring maak my seer. $(\frac{1}{2})$

**Vraag 11:** Skryf die volgende sin in **direkte rede**.

11.1 Die renosterstroper vra of hy 'n renosterhoring kan verkoop.
Die renosterstroper vra: "**Kan ek** 'n renosterhoring verkoop**?**" (1)

**Vraag 12:** Skryf die volgende sin in **indirekte rede**.

12.1 Juffrou het gesê: "Hierdie renoster gaan môre dood wees."
Juffrou het gesê **dat daardie** renoster **die volgende dag** dood gaan wees. (1)

**Vraag 13:** Skryf die volgende sinne in **lydende vorm**.

13.1 Die renoster eet die gras.
Die gras **word deur** die renoster geëet. ($\frac{1}{2}$)

**Vraag 14:** Skryf die volgende sinne in **bedrywende vorm**.

14.1 Die renoster word deur die mense gered.
Die mense **red** die renoster. ($\frac{1}{2}$)